UNIVERSITY EXAMINATIONS

UNIVERSITEITSEKSAMENS

UNISA university of south africa

# ETH306W

Mei/Junie 2016

## INKLUSIEWE ONDERWYS B (OPVOEDKUNDIGE TEMAS 306)

Tydsduur 2 Uur

100 Punte

**EKSAMINATORE**

| | |
|---|---|
| EERSTE | MNR I MKHUMA |
| TWEEDE | MEV JMC MOTITSWE |

**Toeboekeksamen**

**Hierdie eksamenvraestel bly die eiendom van die Universiteit van Suid-Afrika en mag nie uit die eksamenlokaal verwyder word nie**

### Instruksies

Hierdie vraestel bestaan uit **ses** bladsye Daar is **drie** afdelings.

**AFDELING A:** Altwee vrae in afdeling is **<u>verpligtend.</u>**

**VRAAG 1:** Meerkeusevrae en waar-/vals-vrae

**VRAAG 2:** Kortantwoord-vrae

**AFDELING B:** Slegs studente wat vir VKO-/Grondslagfase geregistreer is, moet die vrae in hierdie afdeling beantwoord

**VRAAG 3 (Verpligtend)**

**VRAAG 4:** Daar is **drie** vrae Kies **een**

**AFDELING C·** Studente wat vir Intermediêre/Senior/VOO-fase geregistreer is, moet die vrae in hierdie afdeling beantwoord

**VRAAG 5 (Verpligtend)**

Kies tussen **VRAAG 6** en **VRAAG 7. Moenie** albei vrae beantwoord nie

**BLAAI OM**

## Afdeling A - Verpligtend

## VRAAG 1

Kies die korrekte opsie uit die drie opsies wat verskaf word Skryf **slegs** die nommer van die vraag en die letter van die antwoord wat u gekies het, **bv 1.1 b**

1.1 Inklusiewe onderwys is daarop gerig om

a) vir die behoeftes van alle leerders voorsiening te maak
b) vir die behoeftes van leerders in voldiensskole en spesiale skole voorsiening te maak
c) vir die behoeftes van leerders in hoofstroomskole voorsiening te maak

1.2 Die struikelblokke tot leer en ontwikkeling kan veroorsaak word

a) net deur die gesin en die skool
b) net deur 'n onbuigsame kurrikulum
c) deur 'n leerder se biologiese samestelling

1.3 Die volgende is 'n teken van moontlike gehoorprobleme 'n Leerder ..

a) vermy mondelinge aktiwiteite, is wisselvallig van gemoedstemming, maak baie op gebare staat en praat te hard of te sag
b) vryf sy/haar oe uitermate
c) ervaar probleme ten opsigte van kognitiewe ontwikkeling

1.4 Die volgende is 'n teken van moontlike visuele struikelblokke 'n Leerder

a) hou leesmateriaal uitermate naby of ver van sy/haar oe
b) hou die onderwyser se lippe dop
c) maak baie op gebare staat

1.5 'n Onderwyser kan 'n leerder wat visuele struikelblokke ervaar in die klaskamer ondersteun deur

a) 'n geluid te maak of te speel, waarna die leerder die geluid en die rigting waaruit dit kom, moet beskryf
b) seker te maak dat daar genoeg lig in die klaskamer is
c) in 'n duidelike en normale stem te praat

1 6 'n Onderwyser kan 'n leerder wat 'n gehoorprobleem het in die klaskamer ondersteun deur

a) duidelik in 'n normale stemtoon en teen 'n matige tempo te praat
b) seker te maak dat sy/haar gesig sigbaar is vir die leerder wanneer hy/sy praat
c) seker te maak dat daar nie enige voorwerpe op die klaskamervloer is wat in die leerder se pad sal wees nie

1.7 Die taal wat ons gebruik wanneer ons dink, word genoem

a) innerlike taal
b) nieverbale taal
c) ekspressiewe taal

1 8 Lees is 'n

a) gevorderde vorm van ekspressiewe taal
b) gevorderde vorm van innerlike taal
c) gevorderde vorm van reseptiewe taal

1 9 Kies die **verkeerde** stelling oor MIV/vigs

a) MIV verwys na die menslike immuniteitsgebreksvirus
b) Kinders kan voor geboorte MIV opdoen
c) MIV kan net oorgedra word aan mense wat seksueel aktief is

1 10 Downsindroom word veroorsaak deur 'n afwyking in die gene van chromosoom

a) 18
b) 21
c) 13

**[1 x 10 = 10 punte]**

**1.11 Dui aan of die volgende stellings waar of vals is. Skryf SLEGS die nommer van die vraag en die antwoord.**

1 11 1 Leerders met miopie verkies om agter in die klas te sit

1 11 2 Taal bestaan uit 'n lukrake (*random*) reeks spraakklanke

1 11 3 Epilepsie is 'n ontlading van normale elektriese aktiwiteit in die brein

1 11 4 Leerders wat in 'n outoritêre gesin grootword, sal **waarskynlik** antisosiale gedrag ontwikkel

1 11 5 Verskuilde epilepsie kan as skielike uitbarstings van aggressiwiteit, vernielsugtigheid of humeurigheid in kinders manifesteer

1 11 6 Inklusiewe onderwys is gebaseer op die filosofie dat **alle** leerders kan leer en **alle** leerders ondersteuning benodig

1 11 7 Leerders met miopie en katarakte behoort voor in die klaskamer naby die onderwyser te sit

1 11 8 Inklusiewe onderwys is 'n beleid wat **slegs** oor gestremdheid en spesiale skole in Suid-Afrika handel

1 11 9 Fisieke inperking is 'n voorbeeld van 'n ekstrinsieke struikelblok

1 11 10 Leerders met ouditiewe inperkings maak gewoonlik baie op gebare staat

**[20]**

## VRAAG 2

### Kortantwoord-vrae

2 1 Gebruik 'n eenvoudige tabel om die verskille tussen die volgende konsepte aan te dui.

inklusiwiteit en hoofstroomonderwys (integrasie) (v4 punte per konsep) [8]

2 2 Die struikelblokke tot leer en ontwikkeling spruit uit twee bronne, naamlik die intrinsieke en ekstrinsieke faktore Gebruik 'n eenvoudige tabel om **vyf** intrinsieke en **vyf** ekstrinsieke faktore aan te dui [10]

2 3 Noem **vyf** manifestasies van elk van die volgende inperkings

2 3 1 visuele inperking [5]

2 3 2 ouditiewe inperking [5]

2 4 Eendag kry een van u leerders 'n epileptiese toeval in die klas terwyl u klas gee. Hoe kan u die leerder help? Bespreek enige **vyf** strategiee [10]

2 5 Fisieke inperkings - serebrale gestremdheid

2 51 Serebrale gestremdheid (SG) kan volgens 'n persoon se motoriese funksie geklassifiseer word (fisiologiese klassifikasie) Noem elke tipe SG ooreenkomstig hierdie klassifikasie en skryf elke keer een sin waarin u die tipe SG beskryf [8]

2 5 2 Verduidelik in u eie woorde wat SG is [2]

2 5 3 Dink u dat SG geneeslik is? Verskaf een rede vir u antwoord. [2]

**AFDELING B**

**Slegs studente wat vir VKO-/Grondslagfase geregistreer is, moet die vrae in die afdeling beantwoord.**

**VRAAG 3 (Verpligtend)**

Gedragsprobleme kan 'n struikelblok tot leer wees en onderwysers behoort hierdie uitdaging in vroeer grade te kan identifiseer en aandag daaraan te gee

Bespreek gedragsprobleme by jong leerders met verwysing na die volgende.

3 1 Manifestasies van gedragsprobleme [10]

3 2 Strategiee wat u as 'n onderwyser kan gebruik om 'n leerder wat gedragsprobleme in u klaskamer toon, te ondersteun [10]

**VRAAG 4**

4 Kies **een** leerarea uit die lys hier onder en bespreek slegs **vyf** strategiee wat 'n onderwyser in VKO-/Grondslagfase kan gebruik om leerders te help wat probleme in hierdie area toon

4 1 probleme rakende spelling by jong leerders [10]

**Of**

4 2 leesprobleme by jong leerders [10]

**Of**

4 3 probleme rakende wiskunde [10]

**AFDELING C**

**Slegs studente wat vir Intermediêre/Senior/VOO-fase geregistreer is, moet vrae in hierdie afdeling beantwoord.**

**VRAAG 5 (Verpligtend)**

As 'n onderwyser het u 'n verantwoordelik om die manifestasies van behoeftes by leerders wat later struikelblokke tot leer kan veroorsaak, te identifiseer Bespreek die manifestasies van die volgende behoeftes by leerders en die hulpverleningstrategiee wat u sal gebruik

5 1 die behoefte aan liefde en sekuriteit

5 2 die behoefte om te behoort

5 3 die behoefte aan nuwe ervarings

5 4 die behoefte om te deel en die behoefte aan selfrespek

5 5 die behoefte aan verantwoordelikheid

[4 x 5 = 20 punte]

**Beantwoord OF Vraag 6 OF Vraag 7.**

**VRAAG 6**

Om 'n kind met 'n inperking te hê, affekteer ouers op verskillende maniere Bespreek hierdie stelling deur te verwys na **vyf** houdings by ouers wat ervaar kan word voordat aanvaarding intree. [10]

**OF**

**VRAAG 7**

Die ouers van kinders met fisieke of fisiologiese inperkings kan sekere gedrag teenoor hul kinders se onderwysers openbaar

Bespreek ten minste **vyf** tipes moontlike gedrag wat onderwysers te wagte kan wees van ouers wie se kinders fisieke of fisiologiese inperkings het [10]

**GROOTTOTAAL: 100**

©
UNISA 2015